# NABETRAGING VAN 1982 EN VOORUITSIGTE VIR 1983

Vise-kanselier van Rhodes Universiteit Dr Derek Henderson

Die hoof-onderwerp vir bespreking by Rhodes Universiteit is groei, en hoe om dit na beste te beheer. 3 202 studente het vanjaar by Rhodes ingeskryf. Dit is die eerste keer dat ons die 3 000-kerf verbysteek en, behalwe vir 1946, toe groot getalle oud-soldate terruggekom het van die tweede wêreldoorlog, ook die eerste keer dat ons getalle met meer as 200 in een jaar styg.

Vergeleke met vanjaar, het ons alreeds tien persent meer aansoeke ontvang vir aanstaande jaar en, met geen bykomstige huisvesting beskikbaar in the universiteit of in die dorp nie, mag dit vir ons 'n probleem skep. Dit is egter, een wat ons verwelkom om verskeie redes. Die groot voordeel vir 'n universiteit van meer aansoeke as wat hy kan aanvaar, is die vermoë om sy studente uit te soek, en ons oorweeg tans die beste keurings-metode vir 1983.

Op akademiese gebied het die herdoopde Departement Chemie en Biochemie vir die eerste keer 'n volwaardige kursus in biochemie aangebied, wat aanstaande jaar uitgebou word tot 'n twee-kursus hoofvak.

Die Departement van Opvoedkunde het 'n komper-taal-kursus ingestel vir onderwysers in samewerking met die Departement van Rekenaarswetenskap. Kompers dra ook by tot 'n ander nuwe kursus in bedryfs-data-verwerking ingestel deur die Departement van Bedryfsadministrasie. Van ons taal-departemente het saamgewerk om 'n kursus aan te bied in Moderne Fiksie in Vertaling.

In Oos-Londen het neentig studente ingeskryf vir die deeltydse B Comm graadkursus, met 'n baie laer uitval-syfer as in 1981.

Ons nuwe huisvesting in Oos-Londen is aan die begin van die jaar in gebruik geneem, en dien al meer as sentrum vir informele kursusse vir die gemeenskap. Ondersoek word gedoen om te bepaal watter nuwe kursusse benodig word in die Oos-London-gebied.

Die grootskaalse bouwerk in die middel van ons universiteit vorder volgens plan. Die departemente van Engels, Geografie en Geologie sal na verwagting in die Julie-vakansie in die nuwe gebou intrek. Die koste van die projek sal bykans drie-en-'n-half miljoen Rand beloop.

Ek glo dat die vooruitsig op nuwe akademiese geboue en 'n groot aantal goeie studente, hoë verwagtings skep vir Rhodes Universiteit vir 1983.

DR D S HENDERSON
7 November 1982.

WPU.3730C